

Sing vooraf staande: Psalm 8:2, 3, 4, 5 (p. 30)

- 2 U het, o HEER, wat troon oor alle dinge, / uit kindertaal en stem van suigelinge
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg / wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.
- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlijkheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.
- 5 U laat hom heers. Tot aan die verste strande / gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o HEER, dit onder hom gestel, / dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 19:1 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlijkheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kundes en wetenskap / deur al sy donker wake.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 36:1, 3 (p. 178)

- 1 Die boosheid van die bose man – / my diepste hart getuig daarvan: / “Gods vrees is uit sy oë.”
Hy vlei homself, in kwaad verstyf, / Dat God sy snode wanbedryf / vir altyd sal gedoë.
Bedrog en onreg is sy woord. / Hy gaan in sy onwysheid voort / en vrees geen bose handel.
Hy maak by nag sy planne reg, / en kom dan op die sondaarsweg / om in sy kwaad te wandel.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Jesaja 64

Teks: Jesaja 64:6; Kategismus Sondag 24

En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde klee; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6 AFR53)

Met 'n baie diep belydenis, bely 'n skuldige volk sy sondes voor die Here. Tog is dit 'n baie besondere volk, want hulle is van die begin af deur God uitgekies as sy volk. Die Here het Hom baie kere aan hulle geopenbaar deur Self met hulle te praat en wonders en tekens te doen. God self het hulle deur hulle hele geskiedenis geleidelik.

Die volgende twee sake verdien nadere aandag:

1. Onbekwaamheid tot goeie werke

2. Verpligting tot goeie werke

1. Onbekwaamheid tot goeie werke

Mens sou nou verwag dat 'n volk wat al vir eeue die pad saam met die Here kom, in staat sou wees om werklik goeie werke vir die Here te doen.

- Maar ons lees dat dit heeltemal anders was.
 - **Ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons ongeregthede soos 'n besoedelde kleed.**
 - **Ons het almal verdor soos blare en ons ongeregthede het ons weggevoer soos die wind.**
(Jesaja 64:6 AFR53)

Hierdie volk se werke was nie goed nie.

- Die dinge wat hulle in hulle volksbestaan gedoen het – hulle werke – was voor die Here soos vuil klere, en daarom is hulle ook met 'n ballingskap gestraf.
- Die vraag kom onwillekeurig by mens op: As 'n volk soos hulle wat altyd die leiding en die nabyheid van die Here geken, gesien en gehoor het, so swak gevaar het met hulle goeie werke, wat gaan dan van ons word?

Geliefde gemeente, u moet net onthou dat daar natuurlik 'n groot verskil tussen daardie mense en ons is, want hulle het onder 'n heeltemal verbond as ons gelewe.

- Hulle het in die Ou-Testamentiese tydvak gelewe toe die werkverbond nog oor hulle van krag was.
- Ons val in die Nuwe-Testamentiese tydvak onder die genadeverbond.
 - Ons hoef nie deur ons werke salig te word nie.
- Ons word sondevry en regverdig deur Jesus Christus.
 - Vir hierdie verlossing het ons geloof nodig, nie werke nie.

As die saak dan so staan, kan elke gelowige vra:

- As ek dan moet glo, waarom moet ek dan nog goeie werke ook doen?
- 'n Ander vraag wat gelowiges ook dikwels kwel, is: As ek dan klaar deur die Here Jesus vergewing van sondes het, waarom moet ek dan nog goeie werke ook doen, Want die goeie werke dra tog niks by vir my verlossing nie?!

As ons die Romeinebrief deurlees, sien ons dat daar geskryf staan dat alle mense voor God gesondig het. En dat daar net een loon is waarmee God die sondes betaal, en dit is die dood.

- Dit stel die hele saak in sy regte perspektief: Elke mens se lewe verwerf vir hom die geweld van die hel.
- Ons is almal baie ver van volmaak af.
- Selfs ons beste pogings is nie volmaak voor die Here nie.

As u dit op uself gaan toepas, dan beteken dit doodeenvoudig net dat ons nie daarop kan roem dat ons in Christus verlos is, maar ons lewe laat blyk dat ons dinge doen soos iemand wat aan die duiwel behoort nie.

- Jy doen dus nie goeie werke om daarmee die saligheid te verwerf nie.
- Jy doen goeie werke om daarmee aan te toon dat jy die merktekens van jou Verlosser verkondig.

Hoe goed toon u lewens dat u aan die Here behoort?

Onthou u die wetsgeleerde wat vir die Here kom vra het wat die groot gebod van die Here is (Matt. 22:36)? Toe het die Here Jesus geantwoord:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Matteus 22:37-39 AFR53)

Toets u eie lewe hieraan. Het u die Here so lief? Die antwoord is: Nee! Enige gelowige wat op hierdie vraag gaan “ja” antwoord, is vermetel, want die uitlewing van ons godsdiens bewys dat ons die Here nie so liefhet nie.

- Hoe maklik bly ons van die kerk af weg as ons kuiermense kry! Dan stel jy mos kuiermense bo die Here!
- Dikwels bly ons net by die huis uit slapheid.
- Sekere van ons lidmate doen allerhande werk by die huis op die sabbatdag van die Here!
- Ons verag dus sy gebod dat hierdie dag heilig moet wees, en 'n dag moet wees wat ons net gebruik om ons verhouding met Hom weer op die kerf te kry, en om gemeenskap met Hom te beoefen.

Kan jy eerlik bely dat jy die Here liefhet as jy nie eers 'n afspraak kan hou met die God wat jou so liefhet dat Hy sy lewe vir jou gegee het nie?

2. Die verpligting tot goeie werke

Ons moet goeie werke doen, want die Here Jesus sê in Johannes 15:5 dat almal wat in Hom bly, baie goeie vrugte in die lewe dra, soos lote wat op 'n goeie wingerdstok ingeënt is.

- Hiermee sê die Here baie duidelik waarom Hy van ons goeie werke vra.
- Ons doen dit omdat ons is soos die lote wat op die goeie stam ingeënt is.
- Ons is ingeënt in die saligheid van die Here Jesus Christus. Daarom moet ons sy vrugte dra.
- Die goeie werke wat ons doen, is dus bloot die gevolg van God se genade oor ons.

Kom ons stel die saak anders:

- As jy wil hê die Here moet jou vir jou goeie werke beloon, dan impliseer jy daarmee dat die Here Jesus se dood nie nodig was nie, want jy kan in jou eie krag – met jou eie werke – in die hemel kom.
- Of jy beweer dat Jesus se werke nie genoeg was nie, en dat jy met jou goeie werke 'n bydrae moet lewer om sy versoeningswerk aan te vul.

Al twee die beskouings is verkeerd: God voorsien die volle verlossing in Jesus Christus.

Ons word verplig om goeie werke te doen, al voorsien God vir ons die verlossing en die ewige lewe. Ons het in Jesaja 64:8 gelees:

Maar nou Here, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder...
(Jesaja 64:8 AFR53)

In die Nuwe Testament preek Paulus oor hierdie teks in Romeine 9.

- Hy stel God voor as 'n Pottebakker wat met klei allerhande soorte voorwerpe maak.
- Van sommige klei word bakke gemaak en van ander potte.
- Van party van die klei word voorwerpe van eer gemaak wat God aanbid.
- Van die ander klei word voorwerpe gemaak wat God nie kan eer nie, en wat vir die dag van die oordeel bewaar word.

En dan staan daar die treffende sin: Die klei kan tog nie die Pottebakker gaan staan en verwyf omdat uit die stuk klei 'n voorwerp gemaak is soos hy gemaak is nie!

- 'n Kruik kan nie 'n bak wees of andersom nie.
- Die Pottebakker het sy wil uitgevoer in die maak van elke voorwerp.

Die genadekant van die saak is dat God die gelowige mens gemaak het om met sy goeie werke God te verheerlik.

- Omdat ons in Christus so gemaak is, moet ons God elke dag verheerlik in die werk wat ons doen.
- Ons doen nie goeie werke om daarmee hemel toe te wil gaan nie.
- Ons doen goeie werke omdat ons reeds in Christus op pad is hemel toe – en nou bewys ons goeie werke dit net.
- Ons goeie werke is dus bloot dankbaarheid.

Veroorsaak so 'n leer nou nie dat mense sleg word, en hulle verantwoordelikhede vergeet nie?

- Die antwoord is net dat elke mens wat waarlik glo, nie sy geloof deur onverantwoordelikheid sal laat omkrap nie.
- Hy sal dubbeld sy verantwoordelikheid besef, en daarom soveel harder stry om goed en reg te doen, sodat God daardeur aanbid word.

Volhard dan met blydschap in u goeie werke.

- Ons weet dat ons goeie werke nie die saligheid kan verwerf nie.
- Maar ons weet ook dat dit nie nodig is om die saligheid te verwerf nie, want ons het dit reeds.
- Ons doen goeie werke om aan Christus ons dankbaarheid vir hierdie verlossing te bewys.

Kom ons lees Kategismus Sondag 24 saam

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).

(a) Gal 3:10; Deut 27:26; (b) Jes 64:6.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).

(a) Luk 17:10.

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).

(a) Matt 7:18; Joh 15:5.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 73:12 (p. 369)

12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 12 Augustus 2012
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 25 Augustus 2002